# GEMEENTEBULLETIN

**28 JUNIE 2020**

STELLENBERG GEMEENTE

## SONDAG 28 JUNIE | AANLYN

**Oggend-en-gesinsdiens**

Psalm 71 en 2 Samuel 15:13-30 | Ek aanvaar myself | Ds. Marius Breytenbach

**Meditatiewe diens**

2 Sam.15:25-30 | Tekortkominge, aanvaarding en die geskenk van sout | Ds. Dietmann

**Relevant-diens**

Levitikus 19:1-8 | Wakeful | Ds. Hanno Ackerman

**KYK** vanaf sesuur Sondagoggend, of enige tyd daarna, na die opnames.

**LUISTER** na die klankbaan van die eredienste op die webwerf.

**LEES** die geskrewe preek op die webwerf.

## ’N NUWE PREEKREEKS

Na Pinkster breek Koninkrykstyd op die kerkkalender aan en daarom begin ons vanoggend met ’n splinternuwe vyf weke lange preekreeks.

Tema: Ek **GLO, GROEI** en aanvaar myself, omarm ander en **LEEF** só om ’n verskil in hierdie wêreld waarin God regeer, te maak.

Hoe skakel jy in:

- **Eredienste**. Skakel in by ons aanlyn eredienste. Vanaf 5 Julie is daar ook bykomend twee eredienste in die kerk – sien reëlings rakende eredienste op bladsy 2.
- Besoek Bybel Media se webruimte ***faithpath.co.za*** en voltooi van die aanlyn vraelyste wat daarop beskikbaar is. Daar is verskeie vraelyste op die webwerf wat jou sal begelei om jou eie geloofstyl beter te verstaan en so ook as gelowige te groei.
- **’n Bykomende vraelys** word gratis, net vir Stellenberg-lidmate, beskikbaar gestel. Om die skakel na die vraelys te bekom, stuur ’n e-pos na karin@stellenberg.co.za.
- Hou die bulletin vir interaktiewe geleenthede dop.

### GEDAGTES VIR ELKE DAG VAN INPERKING

’n Geestelike dagstuk word daagliks op www.stellenberg.co.za onder “Gedagtes vir elke dag” geplaas, of lees dit elke dag op die gemeente se Facebookblad.

### EK HET HULP NODIG

Indien jy tydens die inperking enige vorm van fisiese, of emosionele hulp benodig, kontak asseblief een van die leraars, of stuur ’n e-pos aan hulp@stellenberg.co.za.

## HERVATTING VAN EREDIENSTE

Ons beoog om vanaf Sondag 5 Julie 2020 met twee dienste – om 09:00 en 11:00 – te begin. Dienste mag nie deur meer as 50 persone, insluitend die leraar, eredienswerkers en musikante bygewoon word nie. **Let wel dat ons steeds voortgaan met die weeklikse aanlyn dienste op die webwerf.**

Neem asseblief van die volgende praktiese reëlings kennis:

- Die meditatiewe diens en die jeugdiens (Relevant) sal steeds as opnames op Sondagoggende vanaf 06:00 op die webwerf wees.
- Die oggend-en-gesinsdiens sal vanaf 5 Julie regstreeks via die webwerf om 09:00 op Sondagoggende uitgesaai word, waarna dit dan vir die res van die dag en week as 'n opname op die webwerf beskikbaar sal wees. Vanaf 5 Julie sal die oggend-en-gesinsdiens egter eers vanaf 09:00 Sondagoggende op die webwerf beskikbaar wees en nie 06:00 soggens soos voorheen nie.
- Dit is belangrik dat lidmate wat die eredienste bywoon, aan alle Covid-19-veiligheidsmaatreëls voldoen. Maskers moet gedra word, en toegang tot die kerk sonder 'n masker sal nie verleen mag word nie. Ons versoek ook dat jy nie 'n diens moet bywoon indien jy enige simptome soos koors, erge hoofpyn, keelseer, lyfseer of 'n langdurige hoes ervaar nie. Kerkgangers se koors sal by die ingang van die kerk geneem word en persone met 'n koors bo 37,5°C sal ongelukkig nie toegelaat mag word nie. Ontsmettingsmiddels vir hande sal ook by die kerk se ingang voorsien word.
- Families, of persone wat saam in 'n huis woon, mag langs mekaar op die kerkbanke sit. Die voorgeskrewe afstand tussen verskillende groepe moet egter deurentyd gehandhaaf word.

Vervolg op bl. 3 . . .

**STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM**

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar by

082 854 4530.

. . . vervolg vanaf bladsy 2

- Bespreek asb. jou plek om die erediens by te woon deur die kerkkantoor vanaf Maandag tot Vrydag tussen 08:00 en 13:00 telefonies te skakel, of stuur 'n e-pos na karin@stellenberg.co.za. Dui asseblief aan of jy/julle die diens om 09:00 of 11:00 wil bywoon en hoeveel mense beoog om as 'n groep die diens by te woon. Dui asseblief ook aan of daar kinders in die groep is en wat hulle ouderdomme, asook hulle ID-nommers is.

- Bulletins sal nie by die eredienste uitgedeel word nie. Dit sal steeds elektronies versprei word.

- Bankkollektes sal in die kollektebord of die kluis geplaas kan word, soos kerkgangers die kerk na die diens verlaat.

- Kategese gaan steeds aanlyn voort en daar is geen veranderinge in die huidige aanbieding van junior of senior kategese nie.

Kontak asseblief enige een van die gemeenteleraars, of stuur 'n e-pos na navrae@stellenberg.co.za indien jy enige vrae rakende die aanbieding of inrigting van die eredienste het.

## AANLYN SAMARITAAN

Besoek gerus die nuwe aanlyn Samaritaan-advertensieblad op www.stellenberg.co.za. Die blad bied aan entrepreneurs, of eienaars van kleinsakeondernemings die geleentheid om dienste en produkte teen bekostigbare tariewe te adverteer. Rig navrae aan sanel@stellenberg.co.za.

## SOPKOKERS

Ons benodig steeds helpers wat bereid is om weekliks ses liter sop vir minderbevoorregte persone en gesinne te kook. Indien jy bereid is om te help, kontak asb. vir Anéne Nortier by 083 581 6930. Sy sal die resep vir jou stuur.

### PROJEK SAMARITAAN HULPLYN

hulp@stellenberg.co.za

### NUUS PER E-POS OF OP JOU SELFOON

- Ontvang die bulletin weekliks, asook die skakels na eredienste per e-pos deur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.
- Sluit by die WhatsApp-groep aan om die bulletin en die skakel na die oggenddiens op jou selfoon te ontvang deur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720 te stuur.

### GEBEDSVERSOEKE

Stuur jou gebedsversoeke (anoniem indien jy dit verkies) na navrae@stellenberg.co.za.

## BYBELSKOOL | PAULUS SE BRIEWE

Die grootste deel van die Nuwe Testament bestaan uit briewe wat deur Paulus aan die vroeë gemeentes geskryf is. Dit is dikwels vir ons moeilik om elkeen van Paulus se briewe afsonderlik te beoordeel en die belangrike nuanses en verwikkelinge wat in die skrifgedeeltes opgesluit lê, te begryp. In die volgende aanlyn Bybelskool, wat teen einde Junie begin, gaan ons juis dit doen. Ons gaan in Paulus se voetspore loop en ontdek hoe nuwe moontlikhede vir gelowiges onder leiding van God se Gees in hulle eie leefwêrelde gerealiseer het. Die kursus sal eersdaags op die webwerf beskikbaar wees.

## WINTERKLERE VIR KINDERS

Daar is groot behoefte aan winterklere, spesifiek vir kinders in die Karoo. Ds. Why Duvenhage besoek die Karoo-distrik binnekort en sal alles skenkings dan saamneem. Indien jy met warm tweedehandse kinderklere kan help, gee asb. bydraes by die kerkkantoor af van Maandag tot Vrydag tussen 08:00 en 13:00. Jy hoef nie die kantoorgebou te betree nie. Bydraes kan op die stoep voor die voordeur geplaas word. Lui asb. net die klokkie en stel ons in kennis van die aflewering.

## SKUILING AAN HAWELOSES

Met die oog op die slegte weer wat vir 26 en 27 Junie voorspel word, het MES (NGO wat met hawelose mense werk) die kerkraad versoek om weer vir drie nagte tydelike skuiling aan hawelose persone in die grootsaal aan te bied. Die groep sal weer saans met 'n bussie na die kerkperseel vervoer word en voor halfagt soggens van die perseel weggeneem word. Streng Covid-19-protokol word gevolg en daar is deurlopend toesig om te verseker dat alle reëls nagekom word. Dit is slegs 'n tydelike reëling. MES, die Sentrum vir Publieke Getuienis en ander rolspelers is besig om die moontlikheid van 'n permanente skuiling in Durbanville te ondersoek.

### LERAARS

Ds. Hanno Ackerman

079 543 5261

hanno@stellenberg.co.za

Ds. Marius Breytenbach

082 376 6053

marius@stellenberg.co.za

Ds. Philipp Dietmann

084 354 0729

pdietmann@gmail.com

Ds. Why Duvenhage

082 570 5931

why@stellenberg.co.za

Ds. René Potgieter

079 893 8104

rene@stellenberg. co.za

Ds. Callie Visagie

072 385 4368

ctvisagie@

stellenberg.co.za

**Stellenberg Ondersteuningsentrum (SOS)**

Rudolph van Schoor

Sentrumbestuurder

082 854 4530

rudolph@stellenberg.co.za

## FINANSIËLE BYDRAES

Hartlik dankie aan elkeen wat gedurende hierdie moeilike tyd die gemeente in staat stel om finansieel te oorleef. Bydraes kan soos volg gemaak word:

**Debietorder**

Laai die aansoekvorm van die webwerf af.

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening


145 058 0011, takkode 632005.


**SnapScan**

**Kontantbydraes – plaas in die posbus**

Diegene wat verkies om hulle bydraes kontant te gee, kan steeds kontantbydraes by die kerkkantoor afgee. Daar is 'n beveiligde posbus by die voordeur van die kerkkantoor. Plaas jou bydrae daarin. Die posbus word daagliks leeggemaak.

## DANKOFFERS EN BANKKOLLEKTES




STELLENBERG-GEMEENTE

www.stellenberg.co.za

Kerkkantoor

021 976 4519

navrae@stellenberg.co.za

Kantoorure: Weeksdae 08:00 tot 13:00

Feesmarkkantoor

079 269 3663

feesmark@stellenberg.co.za

Stellenberg Ondersteuningsentrum

082 854 4530

sos@stellenberg.co.za

Straatadres

h.v. Moutain View-rylaan en Edelweissweg, Eversdal, 7550

## PROJEK SAMARITAAN

Die kerkraad het in die lig van die Covid-19-pandemie die volgende projekte met die oog op noodverligting geïnisieer:

### 'n Hulplyn:

As jy fisiese, of emosionele nood as gevolg van die Covid-19-inperking, of ander omstandighede ervaar, stuur 'n e-pos na hulp@stellenberg.co.za. Versoeke sal vertroulik hanteer word.

### Voedselhulp:

Die voedselnood is groot en die gemeente werk saam met verskeie nieregeringsorganisasies rakende die insameling en verspreiding van voedsel om gesinne/persone te bedien. Voedsel word in Wesbank, Khayelitsha en Ysterplaat versprei.

Ons is dankbaar vir 'n skenking van vyf ton groente en twee ton mieliemeel wat ons volgende week uit die Koue Bokkeveld gaan ontvang. Dit sal onder ons verskillende verspreidingspunte verdeel word.

Indien jy tot die uitgebreide voedselbediening wil bydra, kan jy 'n elektroniese oorbetaling na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, maak. Gebruik *hande en rande* as verwysing.

### Entrepreneurskap en Familienetwerk:

Lees asb. volledige besonderhede rakende die entrepreneursprojek, met die oog op hulpverlening aan entrepreneurs en kleinsakeondernemings, asook oor die familienetwerk, wat daarop gemik is om ondersteuning aan gesinne te verleen, op die webwerf.

## TELEFOONBEDIENING

Leraars bied tans telefoonbediening aan deur lidmate persoonlik te bel. Indien jy nog nie geskakel is nie en behoefte aan kontak met 'n leraar het, neem asseblief die vrymoedigheid om een van die leraars telefonies te kontak. Ons wil jou graag ondersteun, of hoor hoe dit met jou gaan.

### HET JY 'N PREEK MISGELOOP?

Kliek op die eredienste-blokkie op die webwerf en dan op die YouTube-skakel om die argief van al die opnames van preke te bereik.

### HEROPENING VAN DIE KERKKANTOOR

Die kerkkantoor is weeksdae, vanaf Maandae tot Vrydae tussen 08:00 en 13:00 oop.

Met die oog op Covid-19-protokol, versoek ons besoekers om waar moontlik nie die kantoor te betree nie. Pakkies kan by die voordeur se hek, op die stoep, gelaat word. Ons sal dit daar in ontvangs neem. Doen sover moontlik asseblief telefonies tussen 08:00 tot 13:00 navraag oor sake of vir die tref van reëlings, of stuur 'n e-pos na navrae@stellenberg.co.za.